

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

DEEL XX, No. 704.]

20 SEPTEMBER 1935

GEREGISTREER AAN DIE HOOF
POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD [PRYS 4D.]

'n Klinkende Kultuurdaad

Die verrigtinge van die Afrikaanse Eisteddfod wat so pas hul hoogtepunt bereik het in die skitterende pryswinnerskonsert het andermaal die bewys gelewer dat die jaarlikse kunswedstryde nie maar net 'n insident in die kultuurlewe van die Moederstad is nie, maar 'n gebeurtenis van die grootste belang. Dit was 'n klinkende kultuurdaad en tewens 'n antwoord aan die skeptici wat so dikwels vanuit hul luilekker leunstoel-afsydigheid die bedrywighede van kultuurorganisasies as soveel ydele gepraat bestempel.

As 'n volk oor 'n lang tydperk voortdurend sy kragte moet inspan om lyf en lewe te beskerm, moet daar noodwendig groot gevaar bestaan dat sy skoonheidswaardering sal te loor gaan. Hy moet hom gedurig bekommer oor die materiële dinge en kan dus nie tyd vind om die bevordering van sy geestelike belange te behartig nie. Hier by ons het daar werklik so 'n gevaar bestaan, want vanaf sy ontstaan moes die Afrikanervolk voortdurend stryd voer om sy voortbestaan te verseker, en die rustydperk van 'n luttele dertig jaar was nie een van onbelemmerde kultuurverdieping nie; want hier het weer die stryd gekom teen droogte en verwoestende plaë, natuurrampe en die ekonomiese ontwrigting wat deur die na-oorlogse ineenstorting meegebring is. Maar net soos die dorre Karoo-aarde die kieme van lewe deur die droë jare bewaar en die blomme en plante na die eerste reëns weer soos met 'n towerslag verskyn, so toon geleenthede tot kunsuiting soos die Afrikaanse Eisteddfod dat die Afrikanervolk se skoonheidsin nie verwoes is deur die stryd en die ontbering van die verlede nie. Die skoonheidskieme het behoue gebly. Skop maar net die geleentheid tot uiting en die resultaat is amper net so verrassend as die blommeheerlikheid van die dorre Karoo nadat die reën weer lafenis gebring het.

Hierdie gedagtes het by ons opgeklim toe ons die kunsprestasies van die jongspan in die verskillende afdelings van die Eisteddfod-wedstryde gadeslaan het. Maar anders

as met ons natuur die geval is, was daar tot dusver by die Eisteddfod nog nie eintlik „droogte“-jare nie. Telkens word ons getref deur die stygende lyn van die verrigtinge. Hier en daar is daar soms agteruitgang te bespeur, maar as geheel kon daar nog elke jaar vooruitgang gekonstateer word. En vanjaar was dit miskien groter en meer algemeen as ooit tevore. Met meer as

dingers. Hier is dus nog ruimte vir verbetering. Die verslae in verband met die komposisies is nog nie almal ontvang nie, maar een beoordelaar het hom baie gunstig daarvoor uitgelaat. Daar is 'n paar goeie komposisies, het hy gesê, met 'n eie Afrikaanse kleur, wat toon dat die mededingers al daartoe gekom het om hulle aan oorsese invloede te ontworstel en werklik in staat is om iets spesifiek Afrikaans te lewer.

'n Afdeling wat besonder aantreklik was, was die tekenwerk, met onder andere 'n paar skitterende by-

sesduisend. Mededingsters moet ook daarop let om nie die indruk van mooi ontwerpe te bederf deur dit op swak materiaal uit te voer nie.

Die afdeling toneelopvoerings was vanjaar ongetwyfeld een van die glanspunte van die Eisteddfod se verrigtinge. Daar was so baie inskrywings dat die opvoerings drie volle aande in beslag geneem het. In vorige jare was daar seker net sulke goeie opvoerings, waar as geheel was die standaard aanmerklik hoër. Hier dien vermeld te word dat die onlangs gestigte Kaapstadse Afrikaanse Toneelvereniging al drie die pryse in die ope klas verower het, wat enigsins 'n bewys lewer van die lewenskragtigheid van hierdie jong vereniging.

Van die afdeling waarin *Die Huisgenoot* uit die aard van die saak die meeste belang stel, nl. dié vir letterkunde, is daar helaas nie veel goeds te berig nie. Die gedigte was so swak dat daar nie eens 'n derde prys toegeken is nie, ondanks die feit dat daar jaarliks 'n goue medalje uitgelooft word. Die verslag insake die kortverhale het ons nog nie ontvang nie, maar uit wat ons verneem, lyk dit asof daar niks buitengewoons ontvang is nie. Ons sal egter later uitvoeriger daarop terugkom.

Die skole het goed meegeding in die klas vir opstelle en ook hier is heelwat belowende bydraes ontvang. Ons hoop egter dat dit nie net by beloftes sal bly nie en dat ons die pryswinners in hierdie klas later as suksesvolle mededingers sal terugvind in die meer gevorderde afdeling van die kortverhaal.

* * *

Uit wat hierbo kortliks aangestip is, kan die leser enigsins 'n begrip kry van die omvangrykheid van die werksaamhede van die Afrikaanse Eisteddfod. Sy direkte invloed kan nou al tot 'n sekere mate waargeneem word in die hoër kunsprestasies van die mededingers. Daar is veral 'n paar gevalle waar merkwaaardige vordering gemaak is. Maar nog groter is die indirekte invloed, die aanwakkering van die sluimerende kunsgevoel wat soms op die mees onverwagte plekke skuil en die bevordering van die vermoë tot kunswaardering by die jeug. Die organisasie vereis harde werk en die finansies van die onderneming verskaf die Bestuur dikwels hoofbrekings; maar gelukkig was die pragtige resultate tot dusver nog altyd meer as bemoedigend.

(Vervolg op bladsy 87.)

EENMAAL

*Eens sal die winde deur die wilgerbome
vir jou 'n lang verhaal, 'n klaaglied sing
van een wat jy in late skemering
vaarwel gesê het langs rustelose strome.*

*Dan sal die winde al jou oue drome
soos bleke geeste uit die duister bring.
Te gou was ek vir jou 'n vreemdeling . . .
Maar eenmaal sing die wind dit sonder skrome.*

*O, Liefste, eenmaal sal jy dink aan my
wanneer dit skemer oor die eensaam stad.
Want 'eendag as ons ver verlede om
versoening weer in stille drome kom,
dan dink jy 'rug, dan, Liefste, weet jy wat
ek smartlik deurgegaan het en gely.*

P. W. BOTHA.

'n duisend inskrywings — die meeste uitgesoekte mededingers — is daar 'n rekord geskep wat getalle betref, en as geheel is die standaard van die verrigtinge ongetwyfeld hoër as in vorige jare. Wat veral die aandag getrek het, was die besonder hoë kunsprestasies van die skole. In die voordrag- en leesklasse het die kleinspan seker nog nooit tevore werk van so 'n gehalte gelewer nie, terwyl die afdeling hande-arbeid, in sover dit die skole betref, ook besonder goed was. Dieselfde geld ook van die opvoerings en die afdelings vir instrumentale musiek en sang. Ver al in die klas vir klavier en viool was daar 'n paar seuns en meisies van wie in die toekoms baie verwag word.

Wat die verrigtinge in die algemeen betref, meen die beoordelaars dat die sang van 'n goeie standaard was. Opmerklik was veral die groot aantal jong deelnemers wat blyke gegee het van besonder goeie afrigting en beskaafde voordrag. In die afdelings vir gesamentlike sang — veral vir kwartette en tweesang — was daar egter nog te min mede-

draes van 'n seuntjie wat nog in die laerskool is. Die werk het 'n mate van tegniese vaardigheid aan die dag gelê wat eenvoudig verbasend was; en hoewel daar in hierdie klas geen beurs beskikbaar was nie, het die Bestuur besluit om in hierdie geval tog iets by te dra om die belowende klein kunstenaar 'n sekere mate van kuns onderrig te laat geniet. Die beoordelaar het hom baie gunstig uitgelaat oor die gehalte van die afdeling aanplakbiljette, terwyl die leer- en houtwerk, hoewel gering in getal, baie goed was. Die swakste afdeling was die naaldwerk. In hierdie verband wil ons mededingsters daarop wys om by die ontwerp van Afrikaanse motiewe tog daarop te let dat die besonderhede juis is. Ons het daar b.v. 'n wa gesien wat allermins na 'n wa lyk soos ons dit in Suid-Afrika leer ken het en osse wat 'n mens eerder vir bruin bere sou aansien. Ons verneem van die Bestuur dat daar net drie takke van die Kaaplandse Vroue-Landbouunie meegeding het uit tweehonderd takke met 'n ledetal van sowat

'n Afrikaanse Boekweek

IN opdrag van die Hoofbestuur van die F.A.K. het die Skakelkomitee van Afrikaanse Verenigings in die Skiereiland besluit om vanaf 12 tot 16 November 'n Afrikaanse Boekweek in Kaapstad te hou. Die medewerking van die vernaamste plaaslike uitgewers is reeds verkry en die Stadsraad van Kaapstad het goedgeunstig toegestem om een van die sale van die stadshuis vir die duur van die boekweek gratis beskikbaar te stel. Die boekweek moes eintlik gedurende die eerste week van November gehou word, maar ongelukkig was die saal nie beskikbaar nie.

Die boekweek is die gevolg van 'n besluit van die jongste kongres van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings dat daar gedurende die jaar wanneer daar nie kongres gehou word nie 'n Afrikaanse Boekweek dwarsdeur die land georganiseer sal word. In Johannesburg het dit reeds plaasgevind, en die belangstelling wat dit opgewek het, was so groot dat indien dit in ander plekke eweveel sukses behaal, daar alle hoop is dat 'n Afrikaanse Boekweek om die twee jaar 'n gereelde instelling sal word.

* * *

Blykens 'n onderhoud wat hy aan 'n verteenwoordiger van *Die Burger* toegestaan het, deel mnr. Huguenet nie mev. De Waal se pessimistiese opvattinge in verband met die toekomst van die Afrikaanse toneel soos in ons vorige uitgawe uiteengesit nie. Volgens sy mening

toon die groot publiek wel belangstelling in die toneelkuns, en gedurende 'n vyfjarige ondervinding met reisende geselskappe het hy oral ondersteuning en belangstelling ondervind. „Ek het grenselose vertroue in die Afrikaanse toneel,” het hy verklaar, „as daar reg te werk gegaan word Ons publiek het in die kort tyd dat daar 'n beroepstoneel bestaan ongelooflik vooruitgegaan en is vandag reeds ontvanklik vir werklik fyn stukke, wat ons hoopvol stem vir die toekoms.”

Mev. De Waal se veroordeling van die publiek as onverskillig teenoor die toneel het ook nie steun gevind by ander kenners op hierdie gebied nie. Iemand wie se naam nie genoem is nie, het hom enigsins in die gees van ons artikel van die vorige week as volg uitgelaat: „Mev. De Waal (moet) ook nie vergeet dat die toneel as kunsvorm nie iets is wat alleen staan nie Om in die hoogste mate aan sy doel te beantwoord — om opvoedkundig te werk en smaak te ontwikkel — moet hy seker rekening hou met die tradisies en die behoeftes van sy gehoor. Sy aanpassing moet hy juis daarin soek om verder te bou op die kuns-kern wat daar by die Afrikaner bestaan. In hierdie verband is die keuse van geskikte stukke vir die Afrikaanse toneel van die allergrootste belang.” Ook ander persone wat genader is, het besonder nadruk gelê op die noodsaaklikheid om die stukke só te kies dat dit aanpas by die geestesbehoefte van die gehoor.